



## Liewe Heksie en die Sneeu

**E**lke môre wanneer Heksie wakker word, gaan haal sy vir haar en Matewis elkeen 'n bekertjie melk. Dan kyk sy deur die kombuisvenster om te sien of die son skyn en of dit reën.

Een oggend kyk sy deur die venster en sien alles is spierwit. Sy kan nie haar tuin sien nie, en sy kan ook nie die straat voor haar huis sien nie.

Sy hardloop verskrik kamer toe en roep: “Matewis, Matewis, ons is verloor! Weg, weg verloor! Die tuin en die strate ook!” huil Heksie.

Matewis hardloop venster toe om te kyk wat aangaan. Hy sê net “miaau” en steek sy koppie onder Heksie se swart jas weg.

Die twee van hulle staan nog so en kerm toe iemand aan die deur klop.

Dis Blommie Kabouter. Karel Kat, wat in Blommeland kuier, is saam met hom.

Toe niemand oopmaak nie, gaan hulle in. “Haai, siestog, Karel, hoor hoe huil hulle,” sê Blommie toe hulle in die kombuis kom.

“Ja, klink vir my of dit uit die kamer kom. Gaan roep hulle, Blommie, ek wag hier.” Karel stap venster toe om na die sneeu te kyk. Dis vir hom so mooi.



Blommie gaan kamer toe en toe Heksie hom sien, sê sy: “Ag, Blommie, ek is so bly om jou te sien. Maar hoe het jy ons gekry? Daar’s niks meer strate en paadjies nie.”

“Heksie,” lag Blommie, “die paadjies is net toe onder die sneeu, maar hulle is nog daar.”

“Wat is sneeu?” vra Heksie.

“Dis die wit goed wat op die grond lê, Heksie. Karel sê dit sal weer weggaan.”

“Haai, oe, jy en Karel is darem slim,” sê Heksie. “Is Karel ook hier?”

“Ja, hy’s in die kombuis, Heksie.”





Heksie tel Matewis op haar skouer en hulle stap kombuis toe. Toe hulle in die kombuis kom, sê Matewis: “Miaau, miaau,” toe hy vir Karel sien.

“Matewissie is bang vir die snooi,” lag Heksie.

“Sneeu, Heksie,” giggel Blommie.

“Ag, dis niks om voor bang te wees nie,” sê Karel. “Die sneeu sal gou smelt wanneer die sonnetjie skyn. Maar eers gaan ons in die sneeu speel.”

“Wat speel, Karel?” vra Heksie.

“Wel, ons kan ’n sneuman maak en mekaar met sneuballe gooi,” sê Karel.

“O,” sê Heksie en skuif haar hoed reg. “Nou

kom ons gaan speel in die sneeu.” Sy begin sommer deur toe stap.

“Nee wag, Levinia, julle moet eers warm klere aantrek, dis koud buite,” sê Karel.

“Ek sal maar nog ’n jas aantrek en Matewissie my trui wat eendag klein geword het toe ek dit gewas het.” Heksie stap kamer toe en gaan haal die klere.

Hulle trek aan en Blommie sit die wolmus op wat Karel Kat vir hom van Holland af gebring het. Karel het ook ’n lekker dik jas aan en ’n mus op sy kop.

